


Vir al die leed wat ek U aandoen kan ek nooit opmaak, Vader.
Al die pyn wat ek veroorsaak, beroof my van U vryheid.
Harde werk en gejaag na wind, is my vergelding vir kwaad gedaan.

O, Here, straf my nie in U toorn nie, en kasty my nie in U grimmigheid nie.

Verontwaardiging wat ek inpak in my speelboks van sonde.
U gramskap is geregverdig teen my skatkis van ongehoorsaamheid.
Woede wat maal met al die sinlose ongeregtigheid.

O, Here, straf my nie in U toorn nie, en kasty my nie in U grimmigheid nie.

My ingekleurde boosheid weet ek maak U toornig.
Wreed is my skarlaken klere voor U aangesig.
Heftig is die aanklae teen my, maar my smeeking bly, O, Here, straf my nie in U toorn nie, en kasty my nie in U grimmigheid nie